SEPTEMBER 2023

Tralie Varia

JAARGANG 51 · NO 2

Genl. Cronjéstraat · Dan Pienaar · Bloemfontein
051 410 1800 · tralievaria.online

Die Tralies hou 'n groot makietie

Bekende kunstenaars vermaak gehoor by BeHuman Middelwater Plaas



Riaan Benade sorg vir 'n onvergeetlike Traliefees atmosfeer. *FOTO: Hanco Cilliers*

CECILE STRAUSS

Die Hoërskool Sentraal het vanjaar op 11 Augustus 'n feestelike, voortydige verjaardagfees te *BeHuman Middelwater Plaas* gevier.

Die kaartjies het spoedig verkoop. Die Tralies se eie mnr. William Loots, alombekend as *William Wolf*, het die feesgangers opgewarm vir 'n jolige aand. Van die liedjies wat hy gesing het, sluit in: *Someone told me long ago* en *Living next door to Alice*. Hy sing ook sy oorspronklike treffer *Droom*.

Die Traliegemeenskap, asook inwoners van Bloemfontein, het gesellig na die musiek geluister. Die hoogtepunt van die aand was Riaan Benade. Hy het van sy bekendste liedjies soos *Spontaan* en *Keeza* gesing.

Die liedjie *Vat 'n bietjie* het gesorg dat die Rosestadinwoners sommer vinnig-vinnig 'n draai op die dansbaan gemaak het. "Dit was een van my lekkerste *shows* hierdie jaar. Bloemfontein sorg altyd vir 'n lekker gehoor," sê Benade.

"Dit was 'n onvergeetlike aand. Alhoewel beurtkrag die vertoning ontwrig het, was daar binne 'n paar minute weer krag, en alles het weer "spontaan" voortgegaan," sê Megan Strydom (graad 11-Tralie).

Dit is die eerste keer in die skool se geskiedenis dat die Tralies hulle verjaardag vooraf by 'n ander bestemming gevier het.

Die Traliegemeenskap sal beslis nie die 118e-verjaardag vergeet nie.

DOEN & LATE BL 2 | JOERNAAL BL 7 | SPORT BL 11

Hierdie passievolle akteurs trap diep spore

Talentvolle Tienertoneelgroep beeld tienerprobleme geloofwaardig uit

HELENA MARAIS

Die Hoërskool Sentraal se Tienertoneelgroep het vanjaar diep gaan delf, en al die verskillende skoene aangepas.

"Hierdie jaar se produksie lê baie na aan my hart, want dit gaan juis oor die daaglikse struggles van tieners..."

Die treffende produksie, *Die skoene waarmee ek loop*, wys die gehoor daarop dat jy eers in iemand se skoene moet loop voordat jy hulle kan oordeel. Dit is 'n algemene verskynsel waarmee die mensdom daagliks gekonfronteer word. Dié produksie is op 5 Augustus in die Wynand Mouton Teater op die planke gebring.

Tydens dié landswye ATKV-Tienertoneelkompetisie, is 193 produksies op die planke gebring deur ongeveer 3000 tieners van regoor Suid-Afrika. *Die skoene waarmee ek loop* het 'n brons toekenning vir die produksie verwerf. Silwer toekennings is ook verwerf deur me. Christi-Ann Lombard (regisseur) vir stelontwerp, Helena Marais (gr. 12) vir spel en Deon Bronkhorst (gr. 10) as klankoperateur.



Tralie-akteurs beïndruk op die verhoog. *FOTO'S: Liza Snellenburg*

Brons toekennings is verwerf vir die regie deur me. Lombard en beligting deur Dianco Bester (gr. 10). Die volgende akteurs verwerf ook brons toekennings vir spel: Simon Laubscher (gr. 11), Pieter le Roux (gr. 11), Morné Robberts (gr. 11) Tshimo Direko (gr. 11) en Asha Joory (gr. 9).

"Hierdie jaar se produksie lê baie na aan my hart, want dit gaan juis oor die daaglikse *struggles* van tieners, en hoe die lewe hul dwing om alleen swaar te kry - wat gewoonlik tot verkeerde vriende en besluite lei," sê me. Lombard.

Dié passievolle Tienertoneelgroep van 2023 het vir vermaak uit die boonste rakke gesorg, en hulle liefde vir die teater is aansteeklik.

Brokkies

OOR BESIGE BYE

Strawwe kompetisie toets spelvermoëns

ANLEA LOURENS

Die Hoërskool Sentraal het dié kwartaal aan die provinsiale WOW Spelfeeskompetisie deelgeneem.

Drie leerders het na die nasionale kompetisie (7 Oktober te Stellenbosch) deurgedring.

"Dit verg baie selfdissipline om oor die duisend woorde vir 'n kompetisie te leer," sê me. Nellie de Beer (oud-Afrikaansonderwyseres en koördineerder).

Die volgende leerders presteer puik in dié strawwe kompetisie: Anika Wolmarans (gr.8) behaal 'n 1e-plek en Anri van der Westhuizen (gr.8) 'n 3e-plek.

"Dit was 'n baie spesiale geleentheid vir al die deelnemers. Ek is baie trots op my mede-Tralies wat saam met my na die nasionale kompetisie toe deurgedring het," sê Wolmarans. Thomas Rossouw (gr.10) behaal 'n skitterende 2e-plek.


Laat die son(panele) op die Tralies skyn

ELBÉ VAN DER MERWE

Die Hoërskool Sentraal doen alles in sy vermoë om die Tralie-omgewing op te knap en omgewingsvriendelik te maak.

Die nuutste verbetering is die sonpaneelprojek.

Gedurende 2020 het die vorige beheerliggaam reeds met die installasie van 'n aantal sonpanele begin. Die huidige beheerliggaam het besluit dat daar 'n behoefte is om die sonpanele met 300kW en 'n 100kH battery te vergroot om die verhitting van die Tralies se splinternuwe Olimpiese standaard swembad te ondersteun.



Sonpaneelprojek word 'n realiteit. *FOTO: Verskaf*

DEL Electrical Group (Pty) Ltd is aangestel as die kontrakteur en sal verseker dat die projek 'n groot sukses is. Mnr. Pierre Harmse, van *BVI Consulting Engineers (PTY) Ltd*, is aangestel as die projekbestuurder. Daar is reeds aan die einde van 2022 begin met navorsing oor die projek.

In Maart 2023 het die kontrakteur met die fisiese installasie van die sonpanele begin. "Die projek behoort in September 2023 afgehandel te wees, dalk nog vroeër," volgens mnr. Cobus Odendaal.

Die doel van hierdie projek is om minder afhanklik te wees van *Centlec* vir die voorsiening van elektrisiteit.

Die elektrisiteit wat die sonpanele deur die dag opwek, behoort voldoende te wees vir die normale elektrisiteitsverbruik gedurende die dag. Die huidige koste van die Hoërskool Sentraal se kragverbruik is ongeveer R2.2 miljoen per jaar. Volgens mnr. Odendaal behoort die skool ongeveer 35% van hierdie koste, danksy dié splinternuwe sonpanele, te spaar.

Die oprigting van die sonpanele is net nog 'n voorbeeld van vooruitgang en innovasie by die Hoërskool Sentraal, en is 'n projek waarop elke Tralie voorwaar trots kan wees.

Meneer Loots hou Tralieland "Vir Ewig" trots

Die talentvolle William Wolf stel sy splinternuwe enkelsnit op Lentedag vry

CHENÉ DE VILLIERS

Op Vrydag, 1 September, het die Hoërskool Sentraal se eie meneer William Loots, meer bekend as *William Wolf*, weer 'n splinternuwe enkelsnit *Vir Ewig* uitgebring. Mnr. Loots het ook op Lentedag, op die OFM-ontbytprogram, sy liedjie vir die eerste keer oor die lug gesing.

"Dit is oor twee mense wat vir mekaar sê ons is regtig gereed om te begin gesels oor 'vir ewig'," sê mnr. Loots

Dit is nie net mnr. Loots se stem wat jy hoor in *Vir Ewig* nie, maar ook die woorde wat hy self geskryf het. Die liedjie handel nie net oor die oneindigende aard van liefde en verhoudings nie, maar ook oor die eksistensiële vraag: wat beteken oneindig vir my en jou? "Dit is oor twee mense wat vir mekaar sê ons is regtig gereed om te begin gesels oor 'vir ewig'," sê mnr. Loots in sy onderhoud op *Die Groot Ontbyt*.

Vir Ewig het alreeds meer *streams* in die eerste week van uitreiking gekry as al mnr. Loots se vorige liedjies. Die liedjie is ingesluit in die volgende speellyste op *Apple Music* se *Afrikaanse Treffers*, *Splinternuwe Afrikaans* en *New Music Daily* asook op Spotify se *Nuwe Afrikaans* en *SA Rock*. "Hieroor is ek supertrots," sê mnr. Loots oor *Vir Ewig* se insluiting in die speellyste.

Mnr. Loots help ook ander nuwelinge in die musiekbedryf deur sy *Droomdag*-kompetisie.

Besoek *Tralievaria.online* om meer oor dié kompetisie te lees.



William Wolf tydens die verfilming van sy nuutste enkelsnit. *FOTO: Verskaf*

PROFIEL: Oud-dux ontvang UV-medaljes

MARIUS VAN DER MERWE

Franco Smit, 'n oud-duxleerder en Tralie Varia redakteur (2019), het onlangs tydens die Universiteit van die Vrystaat (UV) se gradeplegtigheid die Dekaans- sowel as Kanseliersmedalje ontvang.

Dit volg nadat Smit as die topstudent, met die beste akademiese gemiddeld oor alle fakulteite heen, aangewys is. Hy spog nou met 'n B Rek-graad met die doel om 'n geoktrooieerde rekenmeester te word.

Siende dat 'n geoktrooieerde rekenmeester 'n gesogte beroep is, sal jy dit ooit oorweeg om eendag te emigreer?

Ek voel dit is 'n besluit wat mens eers moet neem ná deeglike navorsing, en te besin of die gras werklik groener aan die anderkant is.

Watter raad sal jy aan 'n voornemende student gee wat jy vir jouself sou gee?

Ek dink die beste raad wat ek kan gee is om te sê: GENIET DIT! Ervaar die volle omvang van jou studentelewe, en tree terselfdertyd altyd verantwoordelik op.

Wat is jou beste herinneringe van jou tyd in die Hoërskool Sentraal?

Van my beste herinneringe was definitief in juffrou Laux se klas – waar sy 'n dubbelperiode lank klas sou gee, terwyl haar kar nog staan en *idle* buite. Sy is werklik die *rots van Gibraltar*.

Het jy enige interessante stokperdjies/belangstellings?

Ek is mal daaroor om 'n goeie *Netflix*-reeks te *binge watch*. Buiten dit is ek lief om na besigheidverwante *podcasts* te luister en tyd met my vriende en familie deur te bring.

Wat is jou grootste droom?

Op professionele vlak, is my grootste droom om eendag die *CFO* (of selfs *CEO*/HUB) van 'n JSE (die Johannesburgse effektebeurs) top 40-noteerde maatskappy te wees, en ook daar 'n nalatenskap te los wat getuig van uitnemendheid en voortreflikheid.



Franco Smit spog met toptoekennings. *FOTO: Verskaf*

Brokkies OOR BESIGE BYE

Om te leer was nog nooit so lekker nie

NICOLA VAN DER WATH

Skole wyd en syd uit die Vrystaat het op 27 Julie by die Hoërskool Sentraal bymekaargekom om die Jeugberaad saam te geniet.

Elke tafel is uitgedaag om hul eie *Ping Pong Run* te bou. Die leerders moes 'n *supertube* uit papier bou terwyl mnr. Roe Widd, met sy stophorlosie, vasgestel het watter groep se balletjie die stadigste na onder gegly het.

Die leerders se spanwerk en kreatiwiteit is op die proef gestel toe hul hul eie uitvindsels uit herwinbare materiaal ontwerp het. Elbé van der Merwe (lid van die akademiese vereniging van Sentraal) sê: "Dit was *amazing* om te sien hoe daar iets uit niks gemaak is, en werklik daarop trots te kan wees."

Marijke Coetzer, bekende aktrise vir haar rol in die *kykNET* reeks *Getroud met Rugby*, is as gasspreker genooi. Sy deel 'n stukkie van haar lewensverhaal en verseker elke individu dat hul toekoms in die sterre geskryf staan.

Vier onderwyseresse staan vanjaar op trou

Vier Tralie-onnies spog met 'n ring op hulle vinger na hulle die ja-woord gegee het

BEA NEL



Me. Moné, Danielle, Bianca en Carla sê "ja". *FOTO: Hanco Cilliers*

Die Tralie Varia vind meer uit oor die onderskeie troues.

Juf. Danielle:

Waar en hoe het julle ontmoet?

Ons het by die kerk ontmoet. Hy het langs my gesit, en ons moes na die diens in groepies die diens bespreek. Daarna het hy my gevra of ons kan gaan koffie drink.

Beskryf juf. se droom wittebrood.

My droom wittebrood is in Nieu-Seeland met sy mooi natuurlandskappe. Iewers in 'n houthuisie by 'n rivier en tussen die berge.

Juf. Bianca:

Watter liedjie gaan juf. gebruik vir juf. hulle se eerste dans?

Sover het ons op *Hier's ons nou* van Elandré besluit.

Beskryf hoe juf. se troue gaan lyk.

'n Tradisionele en plat op die aarde troue: groen bloekomblare en wit kerse vir versiering, 'n eenvoudige witkoek met blomme bo op, en 'n pizza en pasta buffet. Ons gaan spekboompies as trougeskenkies gee.

Juf. Carla:

Gaan julle 'n tradisionele of moderne troue hou?

'n Tradisionele troue op die plaas in 'n trekker stoor in die Langkloof.

Het juf. met die eerste oogopslag geweet dat dit dié een sou wees?

Nee, ons was eers lank vriende, en na ons saam matriekafskeid toe is, het die dinge begin gebeur.

Juf. Moné:

Hoe het hy juf. gevra om te trou?

Vriendinne het gesê ons moet iets gaan eet by *Goosehill*, en toe ons daar aankom, het hy vir my gewag met klomp kerse, musiek en baie blomme.

Beskryf juf. se troukoek.

Wit en mooi. Dalk het dit ook *bling* en 'n bietjie *pearls* by.

Dogters met drome word vroue met visie

GENIQUE DELPORT

'n Heerlike damesoggend is op Vrouedag, 9 Augustus, in die Hoërskool Sentraal se skoolsaal gehou. Oumas, mammas, dogters en vriendinne het dié geleentheid geniet.

Anri Powell en Corinne Badenhorst het vanjaar as gassprekers opgetree. Elke vrou is bemoedig om haar drome na te jaag en is 'n praktiese manier geleer hoe sy dit kan doen. Powell het die vroue herinner om elke dag te droom. "Die goeie ding is: aan die einde van die dag, is daar nog 'n dag om na uit te sien. Nog 'n dag, met nog 'n droom,"sê 'n passievolle Powell. Sy vertel dat dit nooit te laat is om te begin leef en passies uit te leef nie.

Badenhorst het prakties gedemonstreer hoe elke vrou se droom realisties uitgevoer kan word. Sy meen dat 'n visiebord 'n suksesvolle manier is om jou doelwitte te visualiseer, en elke dag daaraan te werk. "Dit was 'n insiggewende oggend waar 'n mens ernstig kon wees, maar ook lekker kon lag,"sê 'n opgewonde me. Badenhorst. Haar raad aan alle jong dames is om veerkragtig te wees, gesonde verhoudings te bou, en effektiewe tydsbestuur uit te oefen.



Heerlike damesoggend inspireer vroue. FOTO'S: Jana-Mari Erasmus & Liezl Klindt

Ryk Kleinhans het ook die dames met sy sang bekoor. "Ek dink regtig dit was 'n baie suksesvolle oggend. Al die Tralievrouens het as 'n eenheid gestaan," sê 'n tevrede me. Anesta Smal (funksie-organiseerder).

Die dames het huistoe gekeer met nuwe ambisie en 'n lus vir die lewe. Hulle is nou slaggereed om hulle drome 'n realiteit te maak.

Brokkies OOR BESIGE BYE

Toekomstige fisiese wetenskaplegendes

NINA FOURIE

Op 25 Junie het die Hoërskool Sentraal se fisiese wetenskapleerders hul staal gewys tydens die jaarlikse skeinat olimpiade. Gevolglik word hulle van 11-12 Augustus na die skeinat konvensie, te Potchefstroom, vir die prysuitdeling genooi.

Lambrecht Scheepers (gr.12) het 'n 2e-plek in die Vrystaat fisiese wetenskapolimpiade behaal, en kwalifiseer vir R 30 000 afslag indien hy, in 2024, ingenieurswese aan die NWU gaan studeer. Hy ontvang ook 'n R800 kontantbewys.

Daniël Terblanché (gr.11) behaal 'n 1e-plek in die Vrystaat, en kwalifiseer vir R15 000 afslag in 2025, wat hy kan verdubbel indien hy weer in 2024 sal presteer. Terblanché ontvang 'n R1 000 kontantbewys.

Sy punte was gemiddeld 15% hoër as die ander deelnemers. Besoek tralievaria.online om verder te lees.

Sentraal kroon sy nuwe koning en koningin

Nuwe Mnr. en Mej. Tralie 2023 is gereed om te inspireer en 'n verskil te maak

MARIUS VAN DER MERWE

Tralieland het sy nuwe skoonheidskoning en -koningin vir 2023 op 2 Augustus gekroon.

Mnr. en Mej. Tralie is 'n prestige geleentheid en 'n jaarlikse hoogtepunt op Sentraal se kalender. Dit sorg vir groot opwinding en afwagting om uit te vind wie die nuwe ambassadeurs van Tralieland gaan wees.

"Ek wil graag soveel mense help as wat ek moontlik kan in die tyd wat voorlê, en hopelik daarmee ander inspireer..."

Die proses begin deur die loop van die tweede kwartaal met nominasies uit die gr.11-registerklasse en daarna stem die gr.11's vir hul 10 seuns- en meisies finaliste.


Die finaliste word in drie groepe verdeel wat elkeen moet geld insamel en 'n liefdadigheidsprojek in 'n behoeftige gemeenskap aanpak. "Mnr. en Mej. Tralie gaan oor veel meer as net 'n mooi gesig, lyf of persoonlikheid. Dit is ook 'n projek waar ons uitreik na die gemeenskap en liefdadigheidswerk doen," verduidelik voormalige Mej. Tralie, Lize Botha, tydens die kroningsaand.

Die 20 finaliste het tydens die kroningsaand in styl geparadeer. Die finaliste se formele drag is deur *Vilesté Couture* in Bloemfontein geborg. Elana van Heerden (gr.11) het, tussen kategorieë, die gehoor met sangitems vermaak.

Deur die loop van die aand word toekennings uitgereik. AJ Joubert en Danielle Meyburgh is die mees fotogeniese, en Jaco Wessels en Jané Eloff het die sprankelendste persoonlikhede.

Percy Reynolds stap weg met die gesogte Mnr. Tralietitel en Jana-Mari Erasmus dra die Mej. Traliekroon vir 2023.

"Ek wil graag soveel mense help as wat ek moontlik kan in die tyd wat voorlê, en hopelik daarmee ander inspireer," sê die nuutgekroonde Mej. Tralie.



Percy Reynolds en Jana-Mari Erasmus in aksie op die verhoog. *FOTO: Nelri Coetzee*

PROFIEL: 'n Nuwe voorslag in die kombuis

BEA NEL

Die Tralies wat verbruikers neem, het onlangs 'n nuwe juffrou verwelkom. Die Tralie Varia gesels 'n bietjie met juf. Tammy Vermeulen om uit te vind wat haar voorkeure in die kombuis is.

Hou juf. meer van southappies of het juf. 'n soettand?

Ek is definitief meer 'n soettand. Ek is mal oor lekkergoed. Dit gee my baie energie. Suiker maak my gelukkig.

Wat is juf. se gunsteling nagereg?

Ek is mal oor die franse nagereg *crème brûlée*. Dit is vir my heerlik.

Wat is juf. se gunsteling kosprogram op tv?

Ek geniet *Zumbo's Just Desserts* vreeslik baie. Dit is kreatief en ek dink dit is baie oulik. Dit is 'n fasinerende program om na te kyk.

Het juf. 'n gunsteling sjef of 'n rolmodel in die kombuis?

Ek bewonder Nataniël en kyk graag na *Anzél in die Boland*.

As juf. enige sjef in die wêreld sou kon ontmoet, wie sou dit wees?

Gordon Ramsey, omdat hy so 'n bekende en uitstekende kok is. Ek sou graag sy kos wil proe en self wil oordeel.

Is juf. meer 'n pasta- of 'n pizza persoon?

Pasta! Ek geniet die wye verskeidenheid en 'n romerige pasta is vir my sielskos.

Beskryf juf. se gunsteling gereg.

Enige pastagereg met lekker baie room en spek. Dan is ek in die sewende hemel.

Watter ander beroep sou juf. oorweeg het?

Ek sou graag 'n veearts wou word. Ek is baie lief vir diere.

Beskryf wat dit is om 'n juf. te wees in drie woorde.

Liefde, geduld en motivering. Alhoewel dit beslis 'n uitdaging is om 'n onderwyseres te wees, geniet ek dit vreeslik baie.



Juf. Tammy Vermeulen tuis in haar nuwe klas. *FOTO: Jana-Mari Erasmus*

Brokkies OOR BESIGE BYE

Traliepa's en -seuns kuier lekker saam

LAMBRECHT SCHEEPERS

Op 8 Augustus is die eerste Pa-en-Seun aand aangebied. Die verrigtinge het op Vrydag, 8 Augustus, om 18:00 in aanvang geneem. Gasspreker, Igno van Niekerk, deel 10 wenke hoe om gefokus op jou doelwitte te bly.

Die braaivleisvure het hoog gebrand terwyl die seuns lekker *touch*-rugby gespeel het. Saterdagoggend is 'n heerlike ontbyt by die Eie Haard koshuis genuttig. Voormalige Springbok rugbyafrigter, Franco Smith, het die manne tydens ontbyt toegespreek.

Laaste op die agenda was die kleiduif skiet by die Maccauw kleiduif skietklub. "Dit was baie lekker om bietjie alleentyd saam met my pa - weg van die huis af - deur te bring," sê Heinrich Lintvelt (gr. 9).

Kliek hierdie skakel om die skuts in aksie te sien: https://web.facebook.com/HoerskoolSentraal/videos/272623132167144

Rubriek

Robotte word 'n bedryging vir mense

HELENA MARAIS

Klinkend, klokhelder klink die klank van die kluis wat toeklap soos wat KI alles in ons lewens opsluit en oorneem. Eers word ons aandag en tyd daardeur vasgevang en nou ons werksgeleenthede. Hoe handhaaf jy jou waarde in 'n stryd teen 'n robot in die 21e-eeu?

Menslike intellek en kunsmatige intelligensie (KI) is beide indrukwekkende kragte in die hedendaagse wêreld, maar daar is verskeie redes waarom mense 'n unieke en onvervangbare rol speel wat nie deur KI vervang kan word nie. Hoe ag jy jouself belangriker as 'n toestel wat alles vinniger en beter as jy doen?

Een van die belangrikste aspekte van die stryd teen KI is die emosionele vermoëns van mense. Ons is in staat om 'n wye spektrum van emosies te ervaar: van vreugde en liefde tot medelye. Hierdie emosies stel ons in staat om meelewend te verstaan, en empatie te hê met ander mense. Terwyl KI baie kragtige berekeninge kan doen, ontbreek dit aan 'n ware emosionele begrip.

Verbeelding en kreatiwiteit is ook unieke eienskappe van die menslike intellek. Ons is in staat om nuwe konsepte te skep en kunswerke te maak. Hierdie kreatiewe denke kan nie deur KI nageboots word nie.

Die mens is dus nie so maklik vervangbaar nie…

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Die wêreld verander teen 'n ongekende spoed. Skielik moet mens tred hou met terme soos *BeReal* en *ChatGPT*.

Miskien het jy vergeet dat jou ma nie te lank gelede iets soos 'n lugbraaier tot julle arsenaal van kombuistoerusting gevoeg het nie.



Marius vd Merwe

Verandering is egter deel van die lewe en vereis aanpasbaarheid om te oorleef. Wie dit ignoreer, loop die risiko om hul plek in die samelewing stil-stil te verloor.

Dit is dus van kardinale belang dat die Tralie Varia in 2023 steeds relevant moet bly, en daarom is ons ook trots om die nuwe aanlyn Tralie Varia aan ons lesers bekend te stel (lees meer daaroor in hiérdié uitgawe).

As uittredende redakteur, is my wens vir die res van die redaksie en mede-Tralies: dat elkeen die talente waarmee die Here julle geseën het met passie sal najaag, tot so 'n mate dat jy 'n ryk nalatenskap vir 'n volgende generasie Tralies kan los. Ek haal in besonder my hoed af vir mense soos juf. Nadia Röll, wat haar passie vir joernalistiek gebruik om hierdie uitvoerproduk van Sentraal 'n werklikheid te maak.

Na vyf jaar in Sentraal, het ek geleer dat 'n skool nie oornag kits sukses kan kweek nie.

Hier word daar hard gewerk, en op elke klein wen voortgebou.



Aan die Redakteur …

GEEL, BLOU EN ROOI!

Ja, jy het reg gelees. Rooi is nou 'n amptelike kleur van Sentraal, as gevolg van verwarde leerders wat oral rooi konstruksielint op die terrein aanbring.

Dalk moet die skool hulle leuse verander van "Werk en Wen" na "Bou en Breek". Toemaar, hopelik kan die munisipaliteit by Sentraal leer hoe om 'n projek klaar te kry. Die laaigraaf in die sinkgat staan nou al vir twee maande met sy handegevou.

Op die akademiese gebied is daar ook maar kinders wat klippe kou. In die weke wat die eksamen voorafgaan, het talle Tralies hulle neuse in die boeke as gevolg van take en eksamens wat naderkruip.

Asof ons nie genoeg hooi op ons vurke het nie, moet elke klas skielik hulle konstruksie hoede opsit - en nee, nie vir die sonpaneelplaas wat gebou word nie of om die sinkgat reg te maak nie - om te bou aan 'n kaskar wat in elk geval net vir 'n paar uur gebruik gaan word. Dan nie eers gepraat van 'n bal voor die matrieks se rekordeksamen nie.

Die Tralies is uitgebrand. Iemand hoor asseblief ons noodroep! En 'n langer saalperiode is nie presies wat die Tralies bedoel het met wanneer hulle vra vir 'n "breek" van hulle besige programme nie.

Ons almal kan nou doen met 'n vakansie, maar vir sommiges sal dit die prysuitdeling wees wat hul vakansieplanne omvergooi.

Tralies, ondersteun asseblief die Bokke verantwoordelik…

- Uitgesproke Tralie

REDAKSIE 2023

REDAKTEUR: Marius vd Merwe
SUBREDAKTEUR: Helena Marais
NUUS (D&L): BLADREDAKTEUR
Nicola van der Wath
KULTUUR (D&L): BLADREDAKTEUR
Genique Delport
JOERNAAL: BLADREDAKTEUR
Marius van der Merwe & Helena Marais
SOSIAAL (D&L): BLADREDAKTEUR
Cecile Strauss
SPORT: BLADREDAKTEUR
Lambrecht Scheepers
FOTOGRAAF (HOOF): Liza Snellenburg

JOERNALISTE: Gr. 9: Jana vd Merwe, Zahni Rossouw, Nieke Matthee, Nina Fourie, Anlea Lourens **Gr. 10:** Elbé vd Merwe **Gr. 11:** Pieter le Roux, Chené de Villiers, Bea Nel
FOTOGRAWE: Gr. 10: Hanco Cilliers **Gr. 11:** Liezl Klindt, Jana-Mari Erasmus, Nelri Coetzee **Gr. 12:** Luzani Kruger

Is huiswerk en take nog relevant vir leerders?

Die leerders van die Hoërskool Sentraal se opinies oor KI kom onder die loep

MARIUS VAN DER MERWE

Die gebruik van kunsmatige intelligensie, of te wel KI, is 'n vuurwarm gesprek op almal se lippe.


Met die Vierde Industriële Revolusie is konsepte soos KI niks nuut nie, maar dié onderwerp het veral die publiek weer behoorlik laat gons sedert die bekendstelling van *OpenAI* se *ChatGPT* in November 2022.

In die lig daarvan het die Tralie Varia ondersoek ingestel onder gr.12-Tralies om hulle denkwyse en interaksie met KI beter te verstaan.

'n Enorme 4 uit 5 leerders erken dat hulle al KI gebruik het om huiswerk of take te doen! Dit laat wenkbroue lig en mens wonder hoe relevant is take en huiswerk nog, en hoe sal dit moet verander om kinders in die 21e eeu te onderrig?

Die helfte van die leerders glo dat KI een of ander bedreiging vir die samelewing kan inhou. Die manipulering van publieke opinie, en gebrekkige regulering van hierdie tegnologie, skets 'n donker prentjie wat die toekoms betref.

Tog voel 69% van die leerders dat die publiek geregtig is op toegang tot oopbron kunsmatige intelligensie soos byvoorbeeld *OpenAI* se *ChatGPT*.



Alhoewel KI groot veranderings in die arbeidsmark sal maak, krap net 13% leerders kop oor of hulle loopbaankeuses nog relevant is.

Weereens sit die leerders om twee verskillende vure oor of hulle 'n wêreld met of sonder kunsmatige intelligensie verkies.

Met al hierdie dinge om te oorweeg, watter wêreld sou jy verkies?

RESENSIE: Ikoniese fliek op silwerdoek

MARIUS VAN DER MERWE

Fliek: Oppenheimer
Regisseur: Christopher Nolan
Speeltyd: 3:07
Punt: 9/10

Die media gons behoorlik na die onlangse bekendstelling van die twee ikoniese flieks - *Barbie* en *Oppenheimer* - op presies dieselfde dag. Dit was egter die geskiedkundige meesterstuk, *Oppenheimer*, wat ek die voorreg gehad het om op die silwerskerm te sien.



Kliek die YouTube skakel vir Oppenheimer se voorskou.

Teen die spanningsvolle agtergrond rakende die Tweede Wêreldoorlog, vertel die fliek die verhaal van die Amerikaanse wetenskaplike J. Robert Oppenheimer, en sy rol in die ontwikkeling van die atoombom.

Welbekende Cillian Murphy, in die hoofrol, doen die voortreflike vertolking as Oppenheimer.

Kykers kan nie eers bekostig om hul oë in dié drie uur marathon te lank te knip nie, want anders gaan daar werklik 'kern' inligting verlore!

Die unieke draaiboek, gebaseer op die boek getiteld *American Prometheus*, is geskryf in die eerste persoon en spring tussen tonele in kleur en swart-en-wit om die storie onderskeidelik vanuit beide subjektiewe en objektiewe perspektiewe oor te dra. Oppenheimer se siening is in kleur, terwyl die swart-en-wit uit die oogpunt van Lewis Strauss, voorsitter van die Atoom Energie Kommissie, kom.

Die baie dramatiese musiek, deur Ludwig Göransson, asook die indrukwekkende skote met *IMAX* kameras, bring New Meksiko selfs nader aan die huis, en voel dit bykans asof jy self betrokke is by die ontwikkeling van hierdie wapen van massa verwoesting.

Wat nog meer besonder is, is dat Nolan geensins van *CGI (Computer-generated imagery)* gebruik maak nie.

Beslis die moeite werd om te kyk.

Kunsmatige intelligensie – is dit die toekoms?


HELENA MARAIS

Kunsmatige intelligensie (KI) verwys na die simulasie van menslike intelligensie deur gekodeerde sagteware.

Ons is betower deur KI-skryfgereedskap, KI-teks-na-beeld-opwekkers en selfs KI-selfportrette. En nou, *ChatGPT*, 'n KI-kletsbot wat die internet aanvuur. *ChatGPT* is 'n kunsmatige intelligensie kletsbot wat omtrent enige vraag kan beantwoord. Dit bied inligting in 'n gespreks- en gestruktureerde vorm aan wat soortgelyk is aan wat 'n mens sou doen wanneer hy antwoorde op vrae verskaf.

ChatGPT, wat in November 2022 deur *OpenAI* bekendgestel is, word aangedryf deur 'n groot taalmodel wat dit toelaat om menslike skryfwerk noukeurig na te volg. *ChatGPT* het 'n weieringskoers van 38,67%. Elke *ChatGPT*-besoeker kyk gemiddeld 4,26 bladsye per besoek, en elke gebruiker bestee gemiddeld 7 minute en 27 sekondes op die webwerf. *ChatGPT* het tans meer as 100 miljoen gebruikers.

*Besoek **tralievaria.online** om die volledige berig te lees.*




















Nuwe aanlynkoerant is hier



MARIUS VAN DER MERWE

Die redaksie is baie opgewonde oor die bekendstelling van die Tralie Varia se nuwe aanlynkoerant.

Die aanlynkoerant betaan uit 'n verskeidenheid blaaie wat oor nuus-, kultuur-, sport- en sosiale gebeure verslag doen.

Dié platvorm spog ook met sy eie "BESIGE BYE BLOG" en "VINNIGE UITSLAE" blad. Die interaktiewe blad bestaan uit 'n verskeidenheid afdelings wat aan alle Tralies die geleentheid gee om hulle talente met die koerant te deel.

Moet nie vergeet van die joernaal-, advertensie-, en sosiale mediablad om op die hoogte van sake te bly nie.

Besoek gerus *tralievaria.online* om die nuwe aanlynkoerant te besigtig.

Ses liedjies waarna dié matrieks luister


Kyk na die foto's en raai wie luister wat. Besoek *tralievaria.online* se interaktiewe blad en kliek op "VERMAAK" om deel te neem.













Traliedoktergee advies

Uitbranding

Die lente is hier. Die voëltjies sing, blomme is orals sigbaar, en die bome stoot hulle nuwe blare uit. Tog voel baie mense moeg, uitgebrand en beslis nie lus om die lente te vier nie…

Uitbranding word meestal veroorsaak deur aanhoudende stres en probleme, hoë werksverwagtinge en 'n ongebalanseerde leefstyl.

Indien jy **JA** antwoord op die volgende vrae, is daar 'n kans dat jy uitbranding ervaar.

- Sleep jy jouself elke dag werk en skool toe en wens net die dag wil verbygaan?
- Is jy meer geirriteerd en ongeduldig as gewoonlik?
- Het jy te min energie om produktief te wees?
- Voel jy geestelik en fisies moeg, ten spyte van genoeg slaap?
- Voel jy emosioneel afgestomp?

Hoe om uitbranding teen te werk:

- Eet gesonde, natuurlike voedsel. Skakel suiker, kitskosse en geprosesseerde kosse uit.
- Gereelde oefening, wat kardiovaskulêre oefening insluit.
- Bou roetine in jou werk en lewe in.
- Prioritiseer jou werk, sodat jy die noodsaaklikste take elke dag eerste afhandel.
- Bring meer tyd in die natuur en natuurlike sonlig deur.
- Ontspan gereeld en doen iets kreatiefs.

Indien jou uitbranding nie verbeter na 'n paar weke nie, roep mediese- of sielkundige hulp in.



UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS

Geruite vlag wapper vinnig vir die renjaers

Die leerders en onderwysers laat die speke sing tydens die gewilde kaskarresies



Die graad 9D-klas snel oor die "renbaan" en wen die kaskarkompetisie.
FOTO: Liza Snellenburg

NIEKE MATTHEE

Die Hoërskool Sentraal se jaarlikse verjaardagviering op 25 Augustus, het vanjaar 'n nuwe hoogtepunt bereik met die gewilde kaskarresies wat na Covid weer hervat is.

Van die vroeë oggendure af was die "renbaan" 'n byenes van aktiwiteite, met leerders wat in klasverband gewerk het om hul kaskarre in topvorm te kry. Die resies self was 'n spektakel om te aanskou: van wiele wat om draaie verloor tot desperate pogings om die wenstreep te haal.

Die personeel het nie teruggestaan nie en was deel van die pret en het selfs party leerders met hul spoed, vaardigheid en krag uitgestof.

Natuurlik was net een klas se kaskar en mannekrag goed genoeg om die beker te verower. Die graad 9D's was die klas wie se deursettingsvermoë gesorg het dat die beker in hulle klas staanplek gekry het.

"Dit was beslis 'n dag wat vir altyd in Sentraal se tradisie vasgevang sal wees, hopelik vir nog 'n 118 jaar! Ek is baie trots op my graad 9D-registerklas," sê juf. Marianne Brink.

Brokkies

OOR BESIGE BYE

Groentjies trap diep toksspore op veld

NIEKE MATTHEE

Gedurende die Kovsieliga het die Hoërskool Sentraal se o.14-rugbyseuns hulle staal gewys, en as die naaswenners uit die stryd getree.

Op 26 Augustus het die o.14 A-rugbyspan in die 2023 Kovsieliga finaal teen Trio se o.14 A-span gespeel. Sentraal het met passie op die veld uitgedraf, gereed om hulle lywe op die spel te plaas.

Van die afskop af was dit 'n klipharde wedstryd, en die telling het die heeltyd wipplank gery. Die halftydtelling was 5-0 in Sentraal se guns. Sentraal moes egter die knie buig met 'n eindtelling van 8-10.

"Die span is doodtevrede met hulle vertoning hierdie jaar. Hulle maak nie net staat op hulle sterspelers nie, maar daar is 'n diep reservoir van talent wat onder die oppervlak van die seuns skuil. Die Traliegemeenskap kan trots wees op dié toekomstige Blokke," sê mnr. Jorrie Grobler (afrigter).

Juffrou Tanya is 'n skeidsregter van formaat

ELBÉ VAN DER MERWE

Me. Tanya Kotze het van 10-14 Junie geskeidsreg en haar NSA B-skeidsregtersgradering by die *Telkom Netball Champs* in Bellville ontvang. Die Tralie Varia het by haar gaan inloer om meer uit te vind oor die Hoërskool Sentraal se topskeidsregter.

Het me. self op skool netbal gespeel en in watter posisie?

Ja, ek het vanaf gr.9 vir my hoërskool se eerstespan gespeel asook provinsiaal vanaf gr. 7. Ek het senter gespeel.

Wanneer het me. begin skeidsreg en hoekom?

Ek het al in 2008 begin skeidsreg toe ek begin skoolhou het, maar sommer net vir die lekkerte. Ek het in 2016 vir die eerste keer in 'n provinsiale toernooi geskeidsreg en daar het my liefde daarvoor begin.

Wat is die moeilikste deel daarvan om 'n skeidsregter te wees?

Die moeilikste deel is die toeskouers om die baan. Almal het mos altyd ietsie te sê. Die toeskouers het mos die netbaleksamens oor al die reëls ook geskryf. Met tyd raak dit darem makliker om net te fokus op die wedstryd, en jou heeltemal af te sny van dit wat om jou aangaan. Daar sal altyd 'n fout of twee wees, wat enige skeidsregter kan mis, want ons bly almal maar net mens.



Me. Tanya Kotze tydens haar NSA B-skeidsregtersgradering.
FOTO: Verskaf

Het me. enige drome wat me. graag as skeidsregter wil bereik?

Ek dink om te kan skeidsreg by die Wêreldbekertoernooi is enige skeidsregter se droom. As ek eendag my NSA A-gradering kan kry, sal dit ook 'n droom wees wat definitief verwesenlik is.

Het me. enige raad vir nuwe skeidsregters?

Werk hard, glo in jouself, vra altyd raad by ander skeidsregters en afrigters wat meer ervare is as jy. Skeidsreg soveel wedstryde as wat jy kan, en behou jou integriteit en waardes.

Die tennisspelers maak Traliegeskiedenis

Die Hoërskool Sentraal se eerste seunspan sorg vir naelbytoomblikke tydens toernooie

NICOLA VAN DER WATH

Die Hoërskool Sentraal se eerste seunspan het vanjaar op 11 Augustus geskiedenis gemaak deur 'n prestige toernooi te wen.

"Dit was baie spanningsvol om te weet dié wedstryd, asook die toernooi, is in ons hande..."

Die *Sun City Vacation Club* tennistoernooi het begin met die eerste wedstryd (en oorwinning) teen *Paarl Boys High School*.

Hierna reken Sentraal met Volkskool Heidelberg, Dr. Malan, Wesvalia en Secunda af om 'n plek in die finaal te verseker.

Die spanning was hoog, hul krag was min en hul lywe uitgeput… maar nie te min het híérdie spelers karakter gewys. Charl Wepener en Rossouw van Zyl pak die laaste dubbelspel teen Volkskool aan. Hul wen met een pot (32-31) en palm sodoende dié toernooi in.

"Dit was baie spanningsvol om te weet dié wedstryd, asook die toernooi, is in ons hande," sê Van Zyl.

Eric Heyns (die nommer een speler) voeg by: "Met ons laaste wedstryd, en eerste amptelike wen as 'n span, was die blydskap en dankbaarheid onbeskryflik groot." Heyns behaal boonop die puik prestasie deur al sy wedstryde te wen.



Van Zyl tydens die Sentraal Kovsie-tennistoernooi. *FOTO: Justine Shaw*

Tussendeur die intensiewe spel, is daar tyd gemaak om bietjie tone in die sand te sit by die bekende *Valley of the Waves*.

Terug op eie bodem was daar nie tyd om die tekkies op te hang nie. Van 24 tot 26 Augustus is die Sentraal Kovsie-tennistoernooi aangebied.

Die spelers behaal nog 'n mylpaal deur tweede in die Sentraal Kovsie-tennistoernooi te eindig.

PROFIEL: 100 op die kop vir Danita

CHENÉ DE VILLIERS

Op 22 Julie, tydens die *DStv Schools Netball Challenge* by die Hoërskool Florida, het Danita du Plessis 'n 100e-keer vir die Hoërskool Sentraal op die netbalbaan uitgedraf.

Het jy ooit gedink jy sal hierdie hoogtepunt bereik toe jy in graad 10 vir die eerstespan gekies is?

In graad 10 het ek gewonder wat ek in die eerstespan doen, maar na drie weke se oefening het ek presies geweet dat ek daar hoort. Ek het nooit gedink dat ek 100 wedstryde sal bereik nie omdat ek in graad 11 'n besering opgedoen het. Ek het heelwat wedstryde gemis, maar toe ek sien dat spelers van ander skole 100 wedstryde haal, het ek gewonder wanneer dit my beurt is.



Danita du Plessis behaal groot mylpaal. FOTO: Liza Snellenburg

Wat was die eerste emosie wat jy ervaar het toe jy vir daardie wedstryd op die baan gestap het?

Ek was baie bly dat ek hierdie hoogtepunt bereik het. Ek is seker daarvan dat my ouers baie trots is, en ek is baie trots daarop dat ek dit vir Sentraal kon doen.

Hoe het jou spanmaats jou ondersteun sodat jy by jou 100e-wedstryd kon uitkom?

Ons het as 'n span deur 'n moeilike seisoen gegaan, maar steeds het hulle my elke dag net meer en meer gemotiveer.

Wat was vir jou die lekkerste deel van jou 100e-wedstryd?

Dit was vir my die lekkerste om op die baan uit te draf, en te weet dat dit definitief 'n onvergeetlike wedstryd sal wees. Dit was ook lekker om teen 'n span te speel wat van dieselfde provinsie kom waar ek gebore is.

Watter raad het jy vir toekomstige netbaldogters wat na dieselfde hoogtepunt as jy streef?

Jy moet by elke oefening jou alles gee. Jy moet vir jouself doelwitte stel waarna jy elke dag moet streef.

Brokkies

OOR BESIGE BYE

Tralies bewys hulle kan skaak speel

IRMA-ZAHN ROSSOUW

Op 5 Augustus het twee Tralieskaak-spanne aan die Mangaung-sone se topskoletoernooi deelgeneem.

Die Hoërskool Sentraal se o.19A-span en o.17A-span was die ligavoorlopers en het só as die enigste Bloemfontein skool gekwalifiseer.

Tydens dié toernooi behaal Sentraal se o.18-seunskaakspan 19 punte teenoor Vulamasango se 16 en St. Bernard se 14. Hulle dring deur na die Motheo-sone.

Die o.15-span het ook goed gevaar en 'n 2e-plek behaal. Albert Smit (o.18), Daniël Terblanche (o.18) en Eckhard Hattingh (o.15) het al hulle wedstryde gewen.

Op 26 Augustus wen die o.18-seunskaakspan ook die topskole-toernooi vir die groter Motheo-sone.

"Ek is baie trots op dié puik prestasie," sê me. Marianne Brink (skaakkoördineerder).

TRALIE VARIA
Spork
tralievaria.online
SEPTEMBER 2023



Die matrieks speel vir oulaas

Die tradisionele Blyers-en-Glyerswedstryde sorg vir goeie sportmangees

LAMBRECHT SCHEEPERS

Die graad 12-leerders aan die Hoërskool Sentraal het vir die laaste keer aan hulle gunsteling sportsoorte (teen die res van die Tralies) deelgeneem.

Die wedstryde is in 'n goeie gees gespeel om afskeid te neem van die graad 12-leerders. "Dit was 'n voorreg om vir die laaste keer vir Sentraal te speel. Die gees was iets besonders, en ek is dankbaar vir elke persoon wat ek in my sportloopbaan by Sentraal teëgekom het," sê Christopher Johnson (graad 12) kaptein van die seuns eerstehokkiespan.

Die program het op 17 Augustus om 14:30 met die netbalwedstryd weggespring. Die *Glyers* (graad 12-leerders) het koning gekraai (17-13). Daarna het die seuns- en dogters hokkiewedstryde gevolg. Die *Blyers* (graad 8 tot 11-leerders) wen albei wedstryde. Die dogterspan wen met 'n telling van 3-1. Na 'n taai wedstryd is die wenner van die seuns hokkiewedstryd deur 'n *penalty shoot out* bepaal. Die *Blyers* wen met 'n telling van 2-1. "Dit was baie lekker om te wen aangesien die skeidsregter 'n graad 12-leerder was. Die wedstryd is tog in goeie gees gespeel, en ons gaan die matrieks volgende jaar mis," sê Zak Swart (graad 11-lid van die *Blyers*).

Die dag het met die rugbywedstryd geëindig. Die *Blyers* kon slegs een drie aanteken teen hulle graad 12-spanmaats, terwyl die *Glyers* 'n goeie oorwinning van (29-5) kon behaal.

"Die *Blyers*-en-*Glyers*wedstryde is 'n tradisie wat ons graag vir nog baie jare wil laat voortduur om sodoende ons senior spelers te vereer," sê mnr. Hendré Fourie, afrigter van die Hoërskool Sentraal se o.19 A-rugbyspan.



Blyers en Glyers spook sake uit vir die bal. *FOTO: Liza Snellenburg*



UITLEG: Vivid Dzines 082 576 3143